

Een van ons lidmate, ds Ferdi Gouws was lank betrokke in sending. Ons het vir hom gevra om met ons iets oor homself en sy ervaringe in die sending te deel. Hyself noem dit: 'n ABC-getuienis.

“Wat ek hier deel is nie eers 'n stukkie wat uit myself kom nie, maar is alles God se pad met my lewe en met my gesin. 'n Pad van genade en die ontdekking van wie God regtig is. Dit is 'n pad waarop ons moes leer wat dit beteken om die Here met jou alles te vertrou. Daarom is my gunstelinglied 'O, Heer my God, hoe groot is U'.”

Kortliks Ferdi se agtergrond: in 1951 in die ou Transkei gebore, maar in Queenstown grootgeword. Weermag toe, en toe Kopsies toe om sy droom om onderwyser te word, te bewaarheid. In sy graadjaar roep die Here hom om voltyds vir Hom te werk: 'n roeping wat op ongelooflike maniere aan hom herbevestig is ten spyte daarvan dat hy nie daaraan wou byt nie. Op Stellenbosch: weer eens eerstejaar! Grieks en Hebreeus! Maar hy ontmoet vir Ronel daar, en hulle is reeds 43 jaar getroud. Hulle het twee kinders gehad: hul seun reeds in 2005 oorlede nadat hy noodlottig gewond is in 'n motorkaping. Hul dogter en drie kleinseuns is hul hart se punt. Ferdi was direk na sy legitimasie in Indwe (NGK in Afrika), daarna 20 jaar+ in die NG kerk in die Oos-Kaap (Jansenville en Kraggakamma, PE), en daarna was hy voltyds betrokke by sendingwerk in België. Hy en Ronel woon reeds die afgelope 15 jaar hier in die Suid-Kaap vanwaar hy tot en met sy aftrede 5 jaar gelede gewerk het.

Ferdie oor waar sy pad met sendingwerk gekruis het: “My ouers was toegewyde Christene vir wie die uitdra van die evangelie swaar op hulle harte gelê het. Eers in Queenstown en later ook in Oos-Londen. Sendelinge was geen vreemdelinge in ons huis nie. Ook nie evangeliste nie. Ek het self gedroom om êrens in die sendingveld te gaan onderwys gee.

Na ons studiejare het die Here vir ons Indwe toe geroep waar ek as sendeling gewerk het. Dit was vormingsjare vir ons totale bediening wat gevolg het. Na Indwe het die Here vir ons NG kerk toe geroep. In albei gemeentes waar ek was, was ek maar altyd by die kerk se sendingaksie betrokke: werkerskampe in die Transkei was gereeld deel van my bediening. Maar in 1991 het my lewe 'n radikale ommeswaai gemaak na 'n besoek aan Brasilië. My kennismaking daar met die wêreldbekende sendeling Edison Queros het gelei tot 'n wêreldvisie vir die Koninkryk van God. In 1993 maak ek kennis met die evangelisasiewerk in België deur ABC – Aksie België vir Christus. Transkei-werkerskampe het verder uitgekring na jaarlikse evangelisasie-spanne vanuit ons Kraggakamma gemeente na België. Al hierdie uitreike het 'n ongelooflike impak op ons gemeente gehad en dit was aangrypend hoe die Here die gemeente se perspektiewe verander het op elke gebied van ons gemeente-wees.”

Aan die einde van 2000 neem Ferdi en Ronel die leierskap van ABC by Robert Schmidt oor om die pad verder saam met die BEZ (Belgiese Evangeliese Zending), met Johann Lukasse aan die stuur, te stap. Wat 'n opdrag! Dit sou 'n geloofsbediening wees. Geen salaris, geen huisvesting, geen byvoordele of reiskoste – alles waaraan hulle gewoon was van 1980 tot nou. Daar was teenstand van vriende en gemeentede... maar hulle oortuiging het van God en sy Woord gekom: Hy sou vir hul sorg.

“Ons het in 2001 by ABC begin en nooit teruggekyk nie. Dit was 'n ongelooflike pad saam met die Here. Ons God is groot en getrou! Hy het letterlik voorsien. Ons het geen hulp van die kerk ontvang nie. Kraggakamma het ingekoop in ons bediening deur vir ons te help met 50% van ons bydraes elke maand vir ons pensioenfonds en mediese-fonds. Hiermee het hulle volgehou tot met ons aftrede. Ons het nooit met gemeentes of mense oor geld gepraat nie. Ons het nooit wakker gelê oor môre nie. Die Here het my oortuig om Hom te vertrou en op sy Woord te neem deur sy woorde in Matteus 6:31- 33, **‘ ... Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het.’** Wat 'n avontuur! Ek kan 'n boek oor God se voorsiening skryf. Ons het soveel van wie Hy is en hoe Hy is, geleer. Ons het veral geleer om tevrede te wees met wat Hy elke maand vir ons gee. Soms baie, soms min.

Ons bediening was nie so maklik nie. Hier in Suid Afrika wou baie gemeentes ons nie ontvang om die nood in België met hulle te deel nie. Ons het ons veral teen predikante vasgeloop wat openlik gesê het dat die sending hulle nou nie eintlik veel aanstaan nie. Dit het ons baie hartseer gemaak. Dit is tog waaroor die evangelie gaan. Die wat ons wel met oop arms ontvang het, het net mooi vrugte gepluk. Baie van hulle lidmate het deel geword van evangelisasiespanne wat uitreike na België meegemaak het. Hulle getuïenisse met hulle terugkeer was altyd tot groot seën en geestelike verryking van hulle gemeentes. Later het 'n groep dominees wel ook hiervan deel geword. So is ons ook geestelik verryk en bemoedig.

België self is nie 'n maklike land om die evangelie te bring nie. Hulle is 'n post-Christendom-wêreld. Geen Bybelkennis; God is dood... Ons het nooit moed verloor nie t.s.v. baie teenkanting deur die mense. Ons is gevloek, uitgeskel, weggejaag, as 'n sekte verjaag – selfs die regering het nie die Evangeliese kerk in België as 'n kerk erken nie. Maar die Here het self deure oopgemaak, mense deur sy Gees aangeraak en bou steeds sy koninkryk in hierdie donker land. Elke keer wanneer iemand die Evangelie aangeneem en sy lewe aan die Here gegee het, is daar en word daar steeds groot fees gevier met dankbaarheid en lofgesang. Ons was so bevoorreg. Teleurstellings was daar. Baie! Teleurstellings in jou eie kerk se mense hier in SA, teleurstellings in verwagtinge wat nie realiseer het nie, of wat ook al. Die Here het hierin vir ons ook geleer om Hom te vertrou en so het HY ons geleer om elke teleurstelling in 'n geleentheid te omskep. Ons het geleer dat sendingwerk meer behels as net die uitdra van die evangelie deur die woord. Dit is om die evangelie elke dag te leef. Dit is om 'n bejaarde die trein in te help, tasse vir bejaardes of siekes op 'n lughawe te dra, iemand net vriendelik te groet. Die Here het ons oë oopgemaak vir hierdie leefwyse wat Hom verheerlik. Dikwels het dit dan op 'n gesprek uitgeloop want mense sou vra: Wie is ons? Van waar kom ons? Hoekom

doen ons wat ons doen? Ons wou net in alles en bo alles aan Hom gehoorsaam wees.

Die Here het ook geestelik vir ons gesorg. Baie mense het met ons gekommunikeer, ons verseker van hulle volgehoudende gebede vir ons twee en die werk, ons soms finansiële bederf. Hy het ons vrygemaak van die dinge wat mense dink 'n moet is om te hê en te geniet in die lewe. Daarom sê ons openlik dat as ons weer hierdie pad moes loop, dan sou ons dit met oop arms omhels. Ons is so geseënd en skatryk deur die Here en in die Here. Kraggakamma gemeente was ons tuiste hier in S.A. Ons loof die Here vir hierdie gemeente in PE wat die pad so saam met ons geloop het."

Ter afsluiting het ons vir Ferdi gevra: Hoe kan Mosselbaai gemeente vir sy sendelinge omgee anders as om hulle finansiële te ondersteun? *Liewe gemeente, lees asb. sy antwoord biddend:* "Wees betrokke by hulle in hulle lewens. Hulle moet dit hoor. Hulle moet dit voel. Probeer om hulle persoonlik te gaan besoek. So leer jy baie meer as deur net 'n nuusbrief te ontvang. As hulle hier is, bederf hulle. Gee genoeg tyd om te deel met wat God doen in die land of plek waar hulle is. Gaan help hulle vir 'n maand. Die waarde hiervan is onberekenbaar. Vertrou die Here. **'n Gemeente vir wie die sendingopdrag sy hoogste prioriteit is, word 'n gemeente wat groei in lidmatetal, hy groei finansiële, hy groei geestelik – hy word 'n lewende gemeente van wie mense getuig 'ONS HOOR DIE HERE DOEN SULKE WONDERLIKE DINGE IN JULLE GEMEENTE!'** Een ding wat ons geleer het, is om nooit te sê: ek het nie geld nie. AS die Here wil hê jy moet gaan, sal Hy sorg. Ons het dit letterlik ervaar. Ek en Ronel het dit persoonlik beleef."

Dankie, Ferdi! Jou getuigenis is vir ons tot 'n seën! Mag die Here julle steeds tot 'n seën maak vir almal om julle: gelowiges en ongelowiges.





Moslems wêreldwyd verdiep hul tydens Ramadan (13 April tot 12 Mei) in hul soeke na hul god. Bid asb. saam met duisende gelowiges dwarsoor die wêreld dat die enigste ware, lewende God Homself aan individue wat gedurende hierdie tyd vas en bid, sal openbaar. Bid dat hulle, terwyl hul vas, gedring sal word om te honger en dors na geregtigheid wat net in Jesus Christus gevind kan word. Bid dat hul sal besef hoe diep God se liefde vir hulle is. Bid terselfdertyd vir alle Christenwerkers in Moslemgemeenskappe: vir God se wysheid wanneer hulle die Evangelie kontekstueer sodat Moslems hulself met die Evangelie kan vereenselwig. Bid ook dat die Heilige Gees jôu sal lei om doelgerig en effektief uit te reik na winkeleienaars, vriende en bure in ons omgewing. (There4-bedieninge)

Mat.10:32 "Daarom, elkeen wat My voor die mense bely, sal Ek ook voor my Vader in die hemele bely."

Sendinggroete!

Ds. Henri, Ena, Hennie, Mareta, Eric, Monica, Jenny, Leana, Erica, Hannes en Helen.

Sendingrekening: GO NG Kerk Mosselbaai ABSA spaar 9305467263 takkode 632 005

